LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

# Goedes Nuusbrief

NUUSBRIEF 15/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Waaraan stel ons ons kinders bloot?

Ons is goed bekend met die volgende: Yster slyp yster, meng jou met die semels, dan vreet die varke jou op en aan jou vriende word jy geken. Ons lees in Psalm 1: "Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak." Waaraan stel ons ons kinders bloot? Met wie meng ons? Ons as ouers moet besef die omgewing wat ons vir ons kinders skep, vorm hulle. Die mense wie ek my kinders aan blootstel, vorm hulle. Geen mens is belangriker as 'n ander mens nie, maar ek het die keuse met wie en wat ek meng. Ons is vriendelik met almal, maar nie noodwendig vriende met almal nie. Ek meng met die trop wie se waardes op 'n hoë standaard is, mense wie se karakter ek op trots kan wees. Op hierdie manier kan my eie karakter ook versterk word om 'n verskil in die samelewing te maak. Ons sal meer geluk en voorspoed ervaar wanneer ons, ons tyd reg spandeer.

## Goegieland

Baie dankie aan elke ouer vir u kreatiwiteit en entoesiasme met die aantrek van die leerders as verskillende beroepe vir ons Pretdag! Die kinders het ongelooflik oulik gelyk en dit was 'n dag vol pret en leer. Ons wil ook graag 'n opregte dank uitspreek aan die SAPS K9-eenheid, SEKTOR 3 en Stratcon Sekuriteit vir hul insiggewende aanbieding en demonstrasie oor veiligheid rondom die huis. Die kinders het baie geleer en die interaksie met die honde en personeel was 'n hoogtepunt van die dag.

Hier is 'n paar belangrike datums en herinnerings vir die komende week:

**Konsert kleedrepetisie: 28 Mei 2025**

Ons konsertkleedrepetisie sal plaasvind op 28 Mei 2025 by Kruik Gemeente. Wees asseblief op die uitkyk vir die Google-vorm wat op die klas se WhatsApp-groepe gedeel sal word. Voltooi dit asseblief so spoedig moontlik sodat ons die nodige reëlings kan tref.

**Visuele Siftingstoetse**

Graad R-leerders sal op 29 Mei 2025 visuele siftingstoetse ondergaan. Hierdie toetse word gratis aangebied tydens skooltyd en help ons om vroegtydige aanduidings van moontlike sigprobleme te identifiseer voor Graad 1.

**Foto-bestellings sluit 30 Mei 2025**

'n Vriendelike herinnering dat alle fotobestellings teen 30 Mei 2025 ingedien moet wees. Geen laat bestellings sal daarna aanvaar word nie.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en betrokkenheid!

Groete uit Goegieland

## Junie Eksamen

Baie welkom terug by die eerste normale week van die kwartaal. Met al die ontwrigting besef ons nie altyd dat daar reeds drie weke gewerk is hierdie kwartaal nie. Daar is sewe weke in die kwartaal oor, waarvan twee weke spandeer word om eksamen te skryf. Ons moet besef harde werk lê vir die kwartaal voor en ons kan nie bekostig om agter te raak met die akademie nie. Ons het nog geen eksamenrooster vanaf die Departement van Onderwys ontvang nie, dus kan ons nog nie aan u enige eksamen datums voorsien nie. Ons gevoel is dat die eksamen rondom 9 Junie 2025 kan begin, sodra ons die rooster ontvang het, deel ons die inligting met u.

## Week se Program

### 12 Mei 2025

- **Gr. 6 Ouervergadering - Leierverkiesing**

### 13 Mei 2025

- **Expo Streeks Uitdunne te LS TP Stratten**
- **Netballiga vs LS Oranjegloed**

### 14 Mei 2025

- **Krieketproewe o/12 & o/13**
- **Ouer Verrykingsaand met Johan Smith te Kruik**

### 15 Mei 2025

- **Rugby vs LS JJ vd Merwe**
- **Goegieland Brandweer Instappie**
- **Netballiga vs LS TP Stratten**

### 16 Mei 2025

- **Dans vs LS Kruinpark (weg)**
- **Hokkieproewe o/11 S & D**

### 17 Mei 2025

- **Mini-Netbal- en Pumakidag te LS Goedehoop**
- **Super 12 Skaak**

## Johan Smith

Ons nooi graag alle ouers vir 'n aand van ouerskapverryking op Woensdag, 14 Mei 2025 om 18:30 by Kruik met skrywer, prediker en ouerskapkenner Johan Smith. Koste beloop R50/kaartjie. Volg gerus die skakel om te bespreek.




Die Skakel!

Johan Smith

## ATKV Redenaars

Die redenaars is kookwater! Kwartaal twee het afgeskop met ons 1ste rondte van ATKV redenaars te HTS Witbank. Ons sê baie geluk aan die volgende raakpraters wat deurgaan na die ATKV se semi-finaal op Vrydag,16 Mei 2025 te HTS Witbank.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Zuvan Joubert | - | Graad 1 tot 3 | - | Afrikaans Huistaal |
| Cayden Louwrens | - | Graad 4 & 5 | - | Afrikaans Huistaal |
| Doandré van Staden | - | Graad 4 & 5 | - | Afrikaans Huistaal |
| Marno Marais | - | Graad 4 & 5 | - | Afrikaans Huistaal |
| Kaitlyn Shackleford | - | Graad 4 & 5 | - | Addisionele Taal |
| Lianke Luwes | - | Graad 6 & 7 | - | Afrikaans Huistaal |
| Milan Zwarts | - | Graad 6 & 7 | - | Afrikaans Huistaal |
| Waldt van Niekerk | - | Graad 6 & 7 | - | Afrikaans Huistaal |




Net na die heerlike week van vakansie het ons raakpraters ook weer die geleentheid gehad om hul standpunte te stel met die Artistatue Kompetisie tuis by ons skool. Maandag, 5 Mei 2025 en Dinsdag, 6 Mei 2025 het die lippe behoorlik geklap met ons prag redenaars en wil ons ook hartlik geluk sê aan elke spreker wat deelgeneem het. Dit wil gedoen wees! Uitslae sal wel eers later bekend gemaak word.

Deelnemers was as volg:

**Graad 2**
Lohandé Venter
Mianique van Zyl
Zuvan Joubert
Jana Steyn

**Graad 3**
Simon Mostert

**Graad 4**
Meyer Els

**Graad 5**
Marno Marais
Zoe-Jane Steyn
Marisa Mouton
Sebastian le Roux
Cayden Louwrens
Doandré van Staden
Kailtyn Shackleford
Zani van der Merwe
Melandie Faber

**Graad 6**
Waldt van Niekerk
Leané Luddick
Daantjie Lesch

**Graad 7**
Milan Zwarts
Lianke Luwes




# Lekker Verjaar!

| 12 Mei | 13 Mei | 14 Mei | 15 Mei | 16 Mei | 17 Mei | 18 Mei |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Diané Venter<br>Cindy Bredenhann | Kaitlyn Shackleford<br>Jayden v Aswegen<br>Christiaan v Niekerk<br>Akia Kapuli | Mieke Erasmus<br>Alister Walters | Jayden Engelbrecht | Noah v Rooyen<br>Kaitlyn Visagie<br>Juandré v Greunen | Alissa J v Rensburg<br>Jean Joubert | Arlu Greeff<br>Caleb v Niekerk<br>Mason v Zyl<br>Bryan v Niekerk<br>Anché Lotz<br>Nkazi Mahlangu |

# Dramaklub

Daar gaan ongelukkig geen oefening vir Graad 0 tot 2 wees op Woensdag, 14 Mei 2025. Die Graad 3 tot 7 se oefening gaan Maandag soos normaal in die saal plaasvind. Die Con Spirito kompetisie se inskrywings sluit Woensdag, 14 Mei 2025. Sou u belangstel is dit u verantwoordelikheid om u kind self in te skryf. Inligting rondom dit is op die groep gedeel.

# Netbal ABSA Wildeklawer Laerskole Toernooi




Ons is baie trots op ons o/13A-netbalspan wat 9de uit 16 skole gekom het by die ABSA Wildeklawer Laerskole Toernooi.
Ons poel het bestaan uit:
Laerskool Menlopark (Gauteng)
Laerskool Constantiapark (Gauteng)
Laerskool Fairland (Gauteng)
Laerskool Oranje Noord (NoordKaap)
Laerskool Gene Louw (Kaap)
Laerskool Durbanville (Kaap)
Laerskool Vastrap (NoordWes)
Dit was baie harde wedstryde gewees wat die meisies se uithouvermoë en stamina behoorlik getoets het. In hul wedstryd teen LS Durbanville was hulle 5 - 9 agter. Met 3 minute en 20 sekondes oor kon hulle dit regkry om die telbord in hul guns te swaai met 'n wen van 11 - 10. Die ABSA Wildeklawer Laerskole Toernooi het vanaf 23 tot 26 April 2025 te Kimberley in die Noord Kaap plaasgevind.

# Netbal Mpumalanga







Baie geluk aan Izanie Ferguson (span moet nog bepaal word) en Nicole Potgieter ("non travelling") wat opgeneem is in die Mpumalanga o/13-netbalgroep.

# Netballiga vs LS Secunda

Op Dinsdag, 6 Mei 2025 het ons netbalspanne hul staal gewys teen LS Secunda. Ons is ongelooflik trots op elke span se deursettings- en uithouvermoë. Baie geluk aan die o/13 A- en B-spanne wat as wenners uit die stryd getree het!

# o/10 Hoopsdag

Baie dankie aan elke o/10-dogter en ouer vir die wonderlike spangees gedurende die dag. Julle was besonders oulik met jul kreatiewe uitrustings en het pragtige netbal gespeel. Sterkte met die res van die seisoen - hou so aan!

# Rugby

Donderdag, 8 Mei 2025 het Laerskool Goedehoop kragte gemeet teen Laerskool Ermelo in hul ligawedstryd. Die uitslae is soos volg:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| o/9 | - | 25 - 5 | o/10 | - | 7 - 5 |
| o/11 | - | 10 - 12 | 2de | - | 27 - 0 |
| 1ste | - | 27 - 10 | | | |

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

# 2025 JUNIE EKSAMEN

| Graad 4 | 09/06 - Maandag | | 10/06 - Dinsdag | | 11/06 - Woensdag | | 12/06 - Donderdag | | 13/06 - Vrydag | | NAWEEK | 16/06 - Maandag | 17/06 – Dinsdag | | 18/06 - Woensdag | | 19/06 - Donderdag | | 20/06 - Vrydag | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sessie | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | | Jeugdag | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e |
| Vak | ENG | | AFR | | SW (Geo) | | LV | | WISK | | | | SW (Gesk) | | NW | | | | | |
| Graad 5 | 09/06 - Maandag | | 10/06 - Dinsdag | | 11/06 - Woensdag | | 12/06 - Donderdag | | 13/06 - Vrydag | | | 16/06 - Maandag | 17/06 – Dinsdag | | 18/06 - Woensdag | | 19/06 - Donderdag | | 20/06 - Vrydag | |
| Sessie | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | | Jeugdag | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e |
| Vak | SW (Geo) | | ENG | | AFR | | WISK | | SW (Gesk) | | | | NW | | LV | | | | | |
| Graad 6 | 09/06 - Maandag | | 10/06 - Dinsdag | | 11/06 - Woensdag | | 12/06 - Donderdag | | 13/06 - Vrydag | | | 16/06 - Maandag | 17/06 – Dinsdag | | 18/06 - Woensdag | | 19/06 - Donderdag | | 20/06 - Vrydag | |
| Sessie | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | | Jeugdag | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e |
| Vak | AFR | | SW (Geo) | | ENG | | NW | | LV | | | | SW (Gesk) | | WISK | | | | | |
| Graad 7 | 09/06 - Maandag | | 10/06 - Dinsdag | | 11/06 - Woensdag | | 12/06 - Donderdag | | 13/06 - Vrydag | | | 16/06 - Maandag | 17/06 – Dinsdag | | 18/06 - Woensdag | | 19/06 - Donderdag | | 20/06 - Vrydag | |
| Sessie | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | | Jeugdag | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e | 1e | 2e |
| Vak | ENG | | NW | AFR | WISK | | KK | | SW (Gesk) | | | | SW (Geo) | | TEG | | PO | | EBW | |

**NEEM KENNIS ASB!!** Hierdie eksamenrooster is onderhewig aan veranderinge, dus moet u asb. ook GEEN VAKANSIEREëLINGS tref na aanleiding hiervan nie. Na afloop van die eksamen word vraestelle behandel en nuwe werk vir Kwartaal 3 word gedoen.

N STRYDOM
DPS

GJ v NIEKERK
PRINSIPAAL